150-2015

25 Oktober 2017

Geagte toekomstige Gr. 8-ouers / voogde

U kind se inskrywing is met opgewondenheid ontvang en aanvaar. Dankie dat u Transvalia gekies het, ons glo dit is die beste keuse. Ons vertrou dat u en u kind gou by ons sal tuis voel, inskakel en 'n volwaardige Valia sal word. Indien u kind nie meer na Transvalia kan kom nie, vir watter rede ookal, laat weet ons asb betyds sodat 'n ander leerling op die waglys die geleentheid gegun mag word om 'n Valia te wees.

**Enkele sake vir u aandag:**

**GRAAD 8 KAMP: 15 - 17 JANUARIE 2018**

Die graad 8-kamp sal die 20ste kamp wees wat ons aanbied. Tydens hierdie kamp word daar primêr gepoog dat die Gr 8-leerders mekaar leer ken en spangees bou.

Daar wag vir die leerders vet pret en baie plesier by Maraneman on the Vaal te Oranjeville. Die kamp vind plaas onder toesig van onderwysers, opgeleide veldskoolpersoneel en senior LOR-lede van die skool. Geen spesiale kleredrag word benodig nie. Inteendeel, ons wil graag hê dat die leerders net ou klere saambring. As gevolg van die besige program gaan daar min geslaap word, nuwe vriende gemaak word, die laerskool afgeskud word en sommer net baie 'sports' gemaak word! Leerders kan ook weglê aan uitstekende kampkos wat spesiaal vir hulle voorberei word. Hier word die basis van die leerders se hoërskoolloopbaan gelê en hier sal hulle die etos en waardes van ons skool leer ken.

**TOESTEMMINGSBRIEWE / VRYWARINGSVORMS (AANGEHEG)**

Hierdie vorms moet ingehandig word anders kan die leerder nie op die kamp vertrek nie.
U moet dit tuis voltooi en by die skool inhandig. U kan dit nou reeds by die Algemene kantoor inhandig. Alle vorms **moet** teen 1 Desember 2017 ingehandig wees. Volg asb die instruksies op die vorm (plak afskrifte van u mediese kaart, u ID dokument en u kind se geboorte sertifikaat daarop vas).

**KAMPBENODIGDHEDE :** 'n Klein tas met:

| | |
|---|---|
| Slaapsak en kussing (kombers opsioneel)<br>Toiletware en handdoek<br>4 Stelle **OU** klere<br>(dogters – geen spaghetti toppies nie)<br>1 Stel warm klere (sweetpak/drimac)<br>Sonhoed en sonbrandroom (**verpligtend**)<br>Swemklere en swemhanddoek<br>Bybel, notaboek en pen | Sakgeld – daar is 'n snoepie<br>Persoonlike medisyne<br>(lig onderwyser in oor asmalyers, diabete, allergieë – **skryf duidelik op vrywaringsvorms**)<br>Flits<br>Eetgerei<br>Muskietafweermiddel<br>Swartsak vir vuil wasgoed |



**GEEN SELFONE, RADIO'S OF JUWELIERSWARE**

**LYS VAN MOONTLIKE AKTIWITEITE**

Avontuurbaan
Probleem-oplossing
Vlotbou
Hoë toue
Survivor games

Swem
Staproetes
Slaap onder die sterre
En nog baie meer



**KOSTE VAN KAMP**

Die koste van die kamp beloop R900.00 en sluit die volgende in:

3 Etes per dag
Vervoer
Aktiwiteite

**Onthou alle gelde moet voor / op 15 Januarie 2018 reeds betaal wees.** Indien daar 'n probleem is, moet u asb die skool kontak (Me Andrews), sodat reëlings getref kan word, aangesien ons graag almal daar wil hê.

Lees meer by: www.maraneman.co.za

**AANKOMS EN PARKERING OP MAANDAG 15 JANUARIE 2018**

U moet asb by die hek agter die pawiljoen (Holsteinstraat) inry. U moet asb nie in die straat stilhou nie. Graad 8's kom in ou kampklere.

**PROGRAM: MAANDAG 15 JANUARIE 2018**

07:00 Graad 8's bly op die rugbyveld met hul bagasie waar LOR en onderwysers hul sal ontvang en alfabeties sal laat aantree. **Bring asb uitstaande vrywaringsbriewe saam.**
**Ouers kan uitstaande finansies afhandel by finansiële kantoor.**
07:45 Ouers gaan saal toe.
Mnr Venske verwelkom ouers en Me Andrews gee laaste kampreëlings en reëlings vir eerste skooldag deur.
08:15 Ouers kry geleentheid om kinders te groet. Ouers vertrek.
08:30 Busse vertrek.

**GELDE BETAALBAAR**

**U moet verkieslik internet oorbetalings doen.** Daar is geleentheid om op 15 Januarie 2018 by die skool te betaal.

| | |
|---|---|
| Eerste skoolfondspaaiement<br>(Hierdie paaiement moet voor/op 15 Januarie 2018 betaal word anders sal u kind nie handboeke en skrifte ontvang nie.) | R 1000,00 |
| Kampgelde | R 900,00 |
| TOTAAL | R 1 900,00 |

**SKOOLFONDS**

Die skoolfonds vir 2018 is vasgestel op R13 650,00 per leerling per jaar soos goedgekeur op die ouervergadering. ‘n Eerste skoolfondspaaiement van R1000 is betaalbaar aan die begin van die skooljaar. Die res van die skoolfonds kan betaal word in 11 gelyke paaiemente van R1 150 per maand **vanaf Januarie tot November.** Indien die volle skoolfonds betaal word voor die einde Februarie, kom u in aanmerking vir 10% korting op die bedrag van R12 650,00. Geen staatsbeurse bestaan nie. **Indien u enige probleme met finansies ondervind, moet u asb nie huiwer om die skool te kontak nie.** Ouers wat volgens Staatsregulasie 29311 kwalifiseer en vir finansiële korting wil aansoek doen, moet asb voltooide aansoekvorms voor 31 Januarie 2018 by die kantoor indien vir oorweging deur die Beheerliggaam. Aansoekvorms is reeds vanaf 15 Januarie 2018 by die Algemene kantoor beskikbaar. ‘n Glyskaal bestaan waarvolgens ouers volgens inkomste verminderde skoolfonds mag betaal. U moet egter by die Beheerliggaam aansoek doen en u sal teen die tweede week in Februarie in kennis gestel word of u aansoek suksesvol was.

**BANKBESONDERHEDE:**

Hoërskool Transvalia

ABSA BANK

Rekeningnommer: 530 390 594

Verwysing: Leerder se volle naam en van of kontak die skool se finansiële kantoor vir u rekeningnommer.

Faks: 016 932 5252

e-pos: fin@hstransvalia.co.za

**MERIETEBEURS**

U aandag word daarop gevestig dat merietebeurse beskikbaar is, maar dat ’n aansoekvorm (aangeheg) asb voltooi moet word en tesame met aangehegde bewyse na die skool teruggestuur moet word. U sal in kennis gestel word van die uitslag. Die sluitingsdatum is 31 Januarie 2018. Vorms kan reeds vanaf 15 Januarie 2018 ingehandig word by Me Mara du Preez. Merietebeurse word toegeken op grond van prestasies wat ‘n leerling in Gr 7 behaal het vir Akademie, Kultuur, Leierskap en/of Sport. ‘n Persentasie korting word toegestaan op skoolfonds volgens vasgestelde kriteria.

**VERVOER**
Daar is vasgestelde busroetes, maar aanpassings kan, waar moontlik, gedoen word volgens behoeftes.

| | | |
|---|---|---|
| Roete bustariewe | Geleentheidskaartjies | R 60,00 |
| | Kwartaalkaartjies | R 1 050,00 |
| | Jaarkaartjies | R 3 300,00 |

Na sportoefening is daar ook ‘n bus wat roete ry volgens behoefte soos deur die Beheerliggaam goedgekeur.

| | | |
|---|---|---|
| Sportbustariewe | Binne Vanderbijlpark | R 10,00 |
| | Binne Vaaldriehoek | R 30,00 |
| | Buite Vaaldriehoek tot Johannesburg – Heidelberg, Frankfort, Parys, Heilbron | R 70,00 |

Sportritte verder as Johannesburg se pryse sal bepaal word per geleentheid.

**SKOOLDRAG**
Beskikbaar by Sedgars in Vereeniging (Tel. no. 016 422 3804).
Onthou om gratis kleurbaadjie, wat by skool aangepas was, by Sedgars te gaan afhaal.
Leerders wat nog nie ‘n baadjie aangepas het nie, kan dit by Transvalia, vanaf Maandae tot Vrydae tussen 08:00 en 15:00 tot 23 November 2017 kom aanpas.
Somersdrag word vanaf 1 September tot 30 April gedra en wintersdrag vanaf 1 Mei tot 31 Augustus.
Somersdrag vir seuns:

- Grys kort- of langbroek.
- Swart of grys gordel word by broek gedra.
- Wit kortmou skoolhemp sonder das.
- Oortrektrui (pullover) of skooltrui kan bo-oor hemp gedra word.
- Grys skoolkouse en swart skoolskoene.

Somersdrag vir dogters:

- Broekromp (13cm van die grond af as daar op knieë gestaan word) of vlootblou langbroek volgens verskaffers se standaarde ontwerp vir dogters.
- Indien die dogter ‘n gewone wit kortmou hemp dra sonder das, kan ‘n oortrektrui of skooltrui oor die hemp gedra word. Die wit oorhanghemp met die blou insetsels kan ook gekoop word en hierdie hemp word sonder ‘n oortrektrui gedra en is **SLEGS** by Sedgars te koop.
- Wit sokkies en swart skoolskoene.

Die ondersteunershemp en Valia kortbroek word elke Vrydag gedra. (Gedurende die winter die sweetpak).
Sportdrag: Atletiekklere, ondersteunershemp en sweetpak is net by Sedgars te kry.
LET WEL: Tot op hede is Sedgars die enigste goedgekeurde verskaffer van die skoolsweetpak. Maak seker dat ander verskaffers nie vir u ‘n rat voor die oë draai nie.
In die skooldagboekie, wat elke Gr 8-leerders gaan ontvang, is ‘n uiteensetting van winterskooldrag.
Enkele items is ook by die skool se klerebank beskikbaar (soos verskaf deur Sedgars).
Baadjies is eers vanaf die tweede kwartaal verpligtend.

**SKOOLURE:** 07:25 – 14:15 (Maandae tot Donderdae)
07:25 – 14:00 (Vrydae)

**KLASINDELINGS**
Beplanning word tans gedoen om leerders in agt Gr. 8-klasse in te deel. Seuns en dogters word gemeng in klasse en daar word gepoog om klasgroottes tussen 30 – 35 leerders te hou. Leerders word alfabeties ingedeel.

**AKADEMIE**
Graad 8's het die volgende vakke: Afrikaans Huistaal, Engels Eerste Addisionel Taal, Wiskunde, Lewensoriëntering, Ekonomiese en Bestuurswetenskap, Sosiale Wetenskappe, Natuur Wetenskappe, Tegnologie, Kuns en Kultuur. Tradisionele vakke soos Rekeningkunde, Kuns, Ingenieursgrafika en –ontwerp, Biologie en Spraak en Drama, word ook by die kurrikulum ingewerk, sodat daar 'n basis gelê kan word vir moontlike vakkeuse tot matriek.

**AFWESIGHEID**
Ons doen 'n ernstige beroep op ouers / voogde om toe te sien dat hul kinders pligsgetrou by die skool sal wees. Dit begin 'n probleem raak dat leerders te maklik en te veel afwesig is. Let daarop dat 'n doktersbrief vereis word tydens afwesigheid van kwartaaltoetse en eksamenvraestelle. Gedurende die eksamen moet die skool voor aanvang van die skryfsessie verwittig word as u kind nie die eksamenvraestel kan kom skryf nie. Moet asseblief nie vakansie reëlings tref in skooltyd nie. Leerders gaan nog toetse en eksamen tot op die laaste skooldag skryf.

Moet asseblief ook nie leerders op Vrydae afteken nie, aangesien toetse aan die einde van die dag geskryf word.

**DAGBOEKIE**
Elke leerder ontvang 'n gratis skooldagboek by betaling van die eerste paaiement van die skoolfonds. Hierdie boekie bevat alle skoolreëls, debietstelsel, toekennings, kleredrag, toets- en eksamendatums, oueraande en die volledige jaarprogram. Dit bevat ook plek vir elke dag se huiswerk.

**PUNTEVERSLAE**
Leerders ontvang die volgende verslae:
- Aan die begin van die 2de kwartaal 'n verslag oor die 1ste kwartaal se werk.
- Aan die begin van die 3de kwartaal 'n rapport wat die halfjaar eksamen en deurlopende assesseringstake insluit.
- Aan die begin van die 4de kwartaal 'n verslag oor die 3de kwartaal se werk.
- Aan die einde van die jaar 'n rapport wat deurlopende assesseringstake en die Novembereksamen insluit.

In die dagboekie is daar 'n volledige uiteensetting van die samestelling van punte en toekennings by die jaarlikse prysuitdeling.

**BENODIGDHEDE**
Elke leerder ontvang die volgende as die eerste paaiement van die skoolfonds betaal is:
Handboeke en eerste stel skrifte.
U moet self die volgende verskaf:
- Gewone skryfbehoeftes – blou pen, potlood, uitveër, Pritt, flitspenne (highlighters), kleurkryt, liniaal, passerstel met gradeboog.
- Casio Fx-82 ZA PLUS of Casio Fx-991 ES PLUS sakrekenaar.
- Sakkielêer (Flipfile) met 20 sakkies en harde rugkant vir LO.
- 'n Dun plat plastieklêertjie vir elke vak vir assesseringstake.

Vir Wetenskap moet R150.00 by die voogonderwyser inbetaal word en die kwitansie aan die vakonderwyser getoon word om 'n studiegids te ontvang. **Nie per internet nie.**

**ATLETIEKOEFENING**
Alle huidige Gr 7-leerders is welkom om reeds by die skool te kom oefen. Kontak die skool vir meer inligting. Ons Interhuis atletiekbyeenkoms vind plaas op Saterdag 20 Januarie 2018, by Hoërskool Klerksdorp. Dit sal 'n gesamentlike interhuis wees met Hoërskool Florida ook teenwoordig. Leerders wat in aanmerking wil kom vir die Junior Victor- en Victrix Ludorum- toekenning moet by hierdie byeenkoms aan vier items deelneem.

**VERPLIGTE VERANTWOORDELIKHEDE VIR GR 8'S**

Bywoning van alle tuis atletiekbyeenkomste. Opruim na byeenkomste. Bywoon van Interhoër en PUK Interskole Super 16 Atletiek.
Deelname aan Groentjiekonsert.

**ENKELE BELANGRIKE DATUMS VIR EERSTE TERMYN 2018**

| | |
|---|---|
| 15 - 17 Januarie | Graad 8 kamp. |
| 18 Januarie | Skool begin – Gr 8's kom met atletiekklere/oefen klere vir uitdunne. |
| 19, 22 & 23 Januarie | Gr 8's trek **laerskool klere** aan. Die res sal later deurgegee word. |
| 19 Januarie | Gr 8's en ouers braai by skool. |
| 20 Janaurie | Interhuis atletiek by Hoërskool Klerksdorp. (Weg) |
| 22 Januarie tot 8 Februarie | Gr 8's oefen elke dag naskool tot 15:00 Maandae tot Donderdae vir groentjiekonsert. |
| 26 Januarie | Atletiek Hoërskool Garsfontein (Weg) |
| 1 Februarie | Aflosaand ( DP de Villiers Stadion, Sasolburg) |
| 2 Februarie | Atletiek Hoërskole: Standerton, Zwartkop, Jeugland, Heidelberg Volkskool, E.G. Jansen en Curro Serengeti (DP de Villiers Stadion Sasolburg) |
| 7 Februarie | Top 15 (Weg) |
| 9 Februarie | Midstream College (Weg) |
| 12 Februarie | Kleedrepitisie vir Groentjiekonsert tot 17:00 in skoolsaal. |
| 13,14,15 Februarie | Groentjiekonsert |
| 16 Februarie | Interhoër atletiek (DP de Villiers Stadion, Sasolburg) |
| 28 Februarie | PUK Interskole Super 16 Atletiek (Germiston) |

**GRAAD 8-BRAAI SAAM MET OUERS EN PERSONEEL**

Ons wil ook graag aan u as Gr. 8-ouers die geleentheid bied om mekaar, die hoof, bestuur en personeel sommer vroeg in die jaar te ontmoet, terwyl ons gesellig saam kuier om die braaivleisvure.

Die skool verskaf die pap en sous, vure, tafels en stoele. U bring u eie vleis, brood, slaai, drinkgoed en eetgerei.

Datum: Vrydag 19 Januarie 2018

Tyd: 17:00

Plek: Agter die kafeteria by die hokkieveld

Ons sien baie daarna uit om u by ons pragtige skool te ontvang. Sterkte vir die laaste deel van Graad 7. Geniet die vakansie en 'n baie Geseënde Kersfees!

Valia-groete

………………………….……
ME S. ANDREWS
GRAADVOOG

………………………………
JR VENSKE
HOOF

SKOOL SE WEBBLAD : www.hstransvalia.co.za